

# Argivering van Lidmate



## Voorafkennis met betrekking tot argivering

Dit is belangrik dat gebruikers die volgende konsepte van die argivering moet verstaan voordat daar probeer word om 'n lidmaat te argiveer.

### Rede vir Argivering

**Belangrike Nota:** Moenie die argivering verwar met Onaktiewe lidmate nie.

Wat is die verskil tussen Aktief en Onaktief?

#### Aktief

Aktiewe lidmate is lidmate wat tans in die gemeente is en waarvan dit bekend is waar in die gemeente hulle woonagtig is. Hierdie lidmate se inligting word in Winkerk ingevoer en die Status word as "Aktief" aangedui.

#### Onaktief

Onaktiewe lidmate is lidmate wat in die gemeente was, en waarvan dit bekend is, dat hulle nie meer in die gemeente woonagtig is nie, maar dit is onbekend waarheen hulle vertrek het. Hierdie lidmate se inligting was vroeër in Winkerk ingevoer, en die Status word nou as "Onaktief" aangedui. **Sodanige lidmate mag nie geargiveer word nie, tensy 'n ander gemeente dit by jou aanvra, of die lidmaat self skriftelik bedank uit die kerk uit, of jy kennis kry dat die persoon oorlede is.**

#### Vereistes vir suksesvolle Argivering

Voordat dat daar met die Argivering van 'n lidmaat begin word, moet daar vasgestel word of die lidmaat wel aan die vereistes voldoen om geargiveer te mag word.

Die vereistes waaraan aandag gegee moet word, word aangedui onder die "Lidmaatskap" Tab.

Kontak & Adres info	Lidmaatskap	Groepe	Meelewing & Gawes	Gesin
Lidmaatstatus	Belydend			
Aansluitmetode	Onbekend			
Bewysstatus	Ontvang			
Datum ontvang	28/08/1977			
Vorige gemeente	Bothaville			

Die volgende vier velde moet reg voltooi wees alvorens 'n lidmaat geargiveer kan word:

1. Lidmaatstatus
2. Bewysstatus
3. Datum Ontvang
4. Vorige Gemeente

### Lidmaatstatus

Slegs Lidmate wie se Lidmaatstatus as "Belydend" of "Doop" aangedui is, is volgens die kerk, lidmate van die kerk. Winkerk laat gebruikers toe om ander statusse te kies, soos bv. "Besoekeer" of "Onbekend" of "Ander" ens. hoewel sodanige status dan aandui dat die persoon nie 'n lidmaat van die kerk is nie, maar 'n mens met wie die gemeente wil kontak behou, en daarom word die persoon se inligting toegevoer in Winkerk.



LW: Slegs lidmate wie se Status as "Belydend" of "Doop" aangedui is, word getel as statistiek tov van lidmaatgetalle vir Ring- en Sinodale doeleindes.



LW: Indien 'n lidmaat se status nie as "Belydend" of "Doop" aangedui is nie, sal die argiveringsproses jou net toelaat om die lidmaat te verwyder.

### Bewysstatus

Daar is basies net drie opsies by die "Bewysstatus" nl. "Ontvang", "Aangevra", of "Nie Aangevra".

#### Ontvang

Die lidmaat se Bewysstatus kan slegs as "Ontvang" aangedui word, indien daar 'n attestaat of bewys van lidmaatskap van 'n ander gemeente of ander kerk ontvang is.



Verder **moet** 'n lidmaat se Bewysstatus as "Ontvang" aangedui word, wanneer die persoon belydenis van geloof aflê in jou gemeente, asook wanneer die persoon gedoop is in jou gemeente.

## Nie Aangevra

Hierdie opsie sal gebruik word wanneer daar 'n nuwe intrekker in die gemeente inkom, en die data vasgelê word op Winkerk, maar daar nog nie 'n aksie van stapel gestuur is om die lidmaatskap van iewers aan te vra nie.

## Aangevra

Hierdie opsie sal gebruik word wanneer daar 'n nuwe intrekker in die gemeente inkom, en die data vasgelê word op Winkerk **en** terseldertyd word die lidmaatskap van iewers aangevra, maar dit is ten tye van die vaslegging nog nie ontvang nie.

## **Datum Ontvang**

Indien die bewys van lidmaatskap van iewers af ontvang was, moet die datum waarop dit ontvang was aangedui word.



Verder **moet** 'n lidmaat se datum ontvang aangedui word, wanneer die persoon belydenis van geloof aflê in jou gemeente, asook wanneer die persoon gedoop is in jou gemeente. Die datum van belydenisaflegging of doop moet dus op 2 plekke aangedui word. Dit word hier by die datum ontvang aangedui, maar daar moet ook 'n Belydenisaflegging- of doopmylpaal bygevoeg word, en die datum moet ook in die mylpaal aangedui word.

## **Vorige Gemeente**

Indien die bewys van lidmaatskap van iewers af ontvang was, moet die vorige gemeente waarvandaan dit ontvang was, aangedui word.



Verder **moet** 'n lidmaat se vorige gemeente aangedui word, wanneer die persoon belydenis van geloof aflê in jou gemeente asook, wanneer die persoon gedoop is in jou gemeente. Die volgende inligting moet in so geval in die vorige gemeente veld ingetik word.

- Belydenisaflegging  
Belydenis in JOU GEMEENTE SE NAAM
- Doop  
Gedoop in JOU GEMEENTE SE NAAM

# Hoe werk die argivering van lidmate?

Daar is basies vier redes waarom lidmate geargiveer kan word. Die doel met die argivering is om die lidmaat uit die aktiewe register verwyder.

Argiveringsproses (Acker L 05/03/1965)

## Rede vir Argivering

Kies die rede vir argivering

Vertrek na 'n ander gemeente

Bedank

Oorlede

Verwyder

< Terug    Volgende >    Kanselleer

## Vertrek na 'n ander gemeente

Vertrek na 'n ander gemeente beteken dat die lidmaat oorgeplaas word na 'n ander gemeente van jou eie kerkverband.



As jou kerkverband bv. NG Kerk is, beteken dit die persoon word oorgeplaas na 'n ander NG Kerk. Winkerk sal dan in die argiveringsproses vra dat jy 'n volgende gemeente moet kies, **en LW: slegs gemeentes van die NGK sal vir jou vertoon word om van te kies.**

In hierdie geval sal die program jou ook begelei om 'n **Attestaat** (Kerkorde Artikel 24.3 AS KO 2019) uit te reik. As uitsondering kan genoem word dat NHKA se kerkorde voorsiening maak om iemand na 'n ander gemeente van die NHKA oor te plaas met Attestaat of Bewys van lidmaatskap en Winkerk maak wel daarvoor voorsiening.

## Bedank



Voordat 'n persoon geargiveer kan word as Bedank, moet daar eers na die Lidmaatskap Tab van die lidmaat gegaan word en die KO Artikel en KR datum in die betrokke opmerking in die opmerkingskolom ingeskryf word. Eers nadat hierdie veranderinge inskryf is, kan daar voortgegaan word om die lidmaat te laat bedank.

Kontak & Adres info	Lidmaatskap	Groepe	Meelewing & Gawes	Gesin	Mylpale	Kommentaar & Gebruiker velde	Boodskappe	Medies	Aanhegels
Lidmaatstatus	Belydend					Kommentaar (Doop)			
Aansluitmetode	Onbekend								
Bewysstatus	Ontvang								
Datum ontvang	28/08/1977					Kommentaar (Belydenis)	LM verval. KR 10.02.2019		
Vorige gemeente	Bothaville								


Nadat bg. verandering soos in rooi aangebring en gestoor is, kan die lidmaat geargiveer word as Bedank.


Bedank beteken dat die lidmaat oorgeplaas word na 'n gemeente van 'n ander kerkverband. Dit beteken dat die lidmaat tegnies bedank uit jou gemeente se kerkverband en lidmaat van 'n ander kerkverband word. Dit beteken nie dat gemeentes uit die verskillende kerkverbande van bv. die "susterskerke" nie mekaar se lidmaatskap erken nie. Hoewel die lidmaatskap wel erken word, moet die lidmaat steeds bedank uit een kerkverband en lidmaat van 'n ander kerkverband word. Wanneer jy dan hierdie opsie in Winkerk kies, sal die program nie 'n volgende gemeente vra nie, en jou begelei om 'n Bewys van lidmaatskap uit te reik en nie 'n attestaat nie.



As jou kerkverband bv. NG Kerk is, en die persoon moet of wil oorgaan na bv. die Hervormde Kerk of die Gereformeerde Kerk of enige ander kerkverband, beteken dit dat jy die opsie Bedank moet kies.

Jy moet dan verder 'n bedankingsrede voorsien en die rede is slegs vir eie interne gebruik en word nie gereflekteer op die afskrifte van die lidmaat- en dooplidmaatregisters nie.

 **LW:** Dit is nie in hierdie geval nodig dat die Argief hoef kennis te neem van die spesifieke gemeente van die ander kerk waarheen die persoon oorgaan nie, maar as jy vir eie interne gebruik daarvan wil rekord hou, kan dit in die kommentaar blokkie reg onder die bedankingsrede aangedui word. Sien onderstaande voorbeeld:

 Argiveringsproses (Acker L 05/03/1965) ✕

**Bedankingsrede** 

Verskaf asseblief 'n bedankingsrede en kommentaar

Rede	<input type="text" value="Oor na NHK"/>
Kommentaar	<input type="text" value="Oor na NHK Swartkop"/>

### Oorlede

Slegs persone wat aan al die kriteria voldoen vir lidmaatskap, nl. "Belydend" of "Doop", en waarvan die bewysstatus as "Ontvang" aangedui is, en ook die datum ontvang en vorige gemeente aangedui is, kan as Oorlede aangedui word. Indien die persoon nie aan al die kriteria voldoen nie, sal die persoon slegs "Verwyder" kan word. As al die kriteria reg is, sal die persoon verwyder word uit die aktiewe register en oorgeplaas word na die Argiefregister op die betrokke datum.

### Verwyder

Die opsie is beskikbaar om enige foutiewe inskrywing permanent uit die stelsel te verwyder of persone te verwyder wat nie aan al die kriteria vir lidmaatskap voldoen nie, te verwyder.